Koeberg Kernkragstasie

# Volvolume Sirenetoets - 4 Maart 2025

Die sirene/luidsprekerstelsel is in u gebied geïnstalleer om u in kennis te stel van 'n noodgeval by Koeberg Kernkragstasie. Die sirenes is tot voordeel van die publiek en moet in stand gehou word, en te alle tye in 'n werkende toestand wees.

**Onthou dit is slegs 'n toets.**

Die sirenetoets wat op 4 Maart 2025 plaasvind, is deel van die Koeberg-kernnoodplan. Hierdie kalender verskaf aan u die inligting wat u benodig om vir enige kernkrag noodgeval voor te berei.

Die sirene/luidsprekerstelsel wat in Atlantis, Duynefontein, Melkbosstrand, Van Riebeeckstrand, Philadelphia, Bloubergstrand, Bloubergrant, West Beach, Sunningdale, Parklands, Robbeneiland en op die plase om die Koeberg-kernkragstasie geïnstalleer is, sal tydens hierdie oefening getoets word. U sal deur 'n luidsprekeraankondiging oor die toetsing van die sirene gewaarsku word voordat die sirenes afgaan. **U hoef niks te doen nie.**

## Opvolgtoetse

Indien nodig, kan individuele sirenes op 5 en 6 Maart 2025, weer vir instandhoudingsdoeleindes getoets word. Neem kennis dat die sirenes deel vorm van die Koeberg noodplan en in werkende toestand gehou moet word.

**U hoef niks te doen nie, aangesien dit slegs 'n toets is.**

As 'n voorsorgmaatreël moet u egter seker maak dat u troeteldiere binnenshuis is, of op 'n plek waar hulle nie kan ontsnap nie (honde het al van die huis af weggehardloop as gevolg van die volume en huiltoon van die toets). Onthou om u radio en televisie aan te skakel om na die publieke aankondigings te luister wat u van die toets in kennis stel. Moet asseblief nie paniekbevange raak nie, aangesien dit slegs 'n toets is.

## Kontakbesonderhede:

Indien u enige navrae of kommentaar oor die toets het, kontak asseblief Koeberg Belanghebbendebestuur (Koeberg Stakeholder Management). Kontak Koeberg Belanghebbendebestuur (Stakeholder Management) deur 'n e-pos aan PienaaSZ@eskom.co.za of JoshuaD@eskom.co.za te stuur, of kontak tel. 021 550 4238 vir inligting of om 'n foutiewe/ beskadigde sirene te rapporteer.

## Volvolume sirenetoets 4 tot 6 Maart 2025

'n Volvolume sirenetoets van die Koeberg sirene/ luidsprekerstelsel sal soos volg uitgevoer word:

**Datum:** Dinsdag, 4 Maart 2025

**Tyd:** Tussen 10:00 en 12:00

### Areas geaffekteer:

- Atlantis
- Bloubergrant
- Sunningdale
- Bloubergstrand
- Van Riebeekstrand
- Duynefontein
- West Beach
- Melkbosstrand
- Parklands
- Plase om Koebergkernkragstasie
- Philadelphia
- Robbeneiland

**Ons waardeer u samewerking.**



